KOSPAKKIES
Gereelde Vrae

KOM ONS STOP DIE VERSPREIDING

17 April 2020

Wie is vir kospakkies verantwoordelik?

Volgens die Wet op Maatskaplike Bystand is die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap (SASSA) die hoofagentskap wat met maatskaplike steun aan minder gegoede mense getaak is, wat die verskaffing van kospakkies insluit. Ons het SASSA versoek om hul kantore te heropen, aangesien hulle op 30 Maart weens die voorskrif van die nasionale regering gesluit het.

'n Aantal NRO's, gemeenskap-sopkombuise, godsdienstige organisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies en private maatskappye wat onafhanklik van die regering funksioneer, verskaf kos aan kwesbare gemeenskappe.

Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gaan tydens die inperking eenmalig 50 000 kospakkies verskaf aan begunstigdes wat aan sekere kriteria voldoen. Dit word spesifiek vir die inperkingstydperk gedoen. Die kriteria is noodsaaklik om te verseker dat die mees kwesbare mense eerste hulp ontvang.

Watter proses volg die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling om kospakkies uit te deel?

1. Versoeke vir kospakkies word ontvang van inbelsentrums, munisipale bestuurders, humanitêre hulpagentskappe of geregistreerde NWO's en word aan maatskaplike werkers gestuur.

2. Die maatskaplike werkers doen dan 'n telefoniese evaluering met elke persoon om te verseker dat hulle aan die uiteengesette kriteria voldoen.

3. Hulle sal ook die persoon se ID op SASSA se data-basis opsoek om te kyk of die persoon 'n bestaande toelae- of voedselontvanger van SASSA is.

4. As die persoon aan die kriteria voldoen, sal hy/sy deur die Departement gekontak word en inligting kry oor wanneer die kospakkie afgelewer gaan word.

Wie kwalifiseer vir die kospakkies wat tydens die inperking deur die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en sy gefinansierde vennote uitgedeel word?

Die Wes-Kaapse Regering het noodfinansiering beskikbaar gestel om kospakkies aan diegene te voorsien wat tydens die inperking die kwesbaarste is. Ons gebruik die volgende kriteria om te bepaal wie die kwesbaarste is en vir 'n kospakkie kwalifiseer:

- Huishoudings wat in die volgende gevalle deur COVID-19-infeksies geraak word:
  – 'n gesinslid/gesinslede wat positief vir die virus getoets het en in hul huis in kwarantyn is; en
  – 'n huishouding waar 'n gesinslid positief vir die virus getoets het en waar hulle onvoldoende middele het om hulself gedurende die inperkingstydperk te onderhou.
- 'n Persoon wat medikasie gebruik of aan 'n chroniese siekte ly en onvoldoende middele het om hom-/haarself te onderhou, en wat deur 'n plaaslike kliniek of geregistreerde gesondheidspraktisyn geëvalueer en verwys is.
- 'n Persoon en hul huishouding wat onvoldoende middele het om hulself gedurende die inperkingstydperk te onderhou, wat deur 'n geregistreerde humanitêre hulpagentskap, 'n geregistreerde niewinsgewende organisasie (NWO) of munisipale bestuurder verwys is, en wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geëvalueer is. In hierdie geval sal prioriteit geskenk word aan persone wat nog nie SASSA-toelaes ontvang nie, insluitend bejaardes, huishoudings met 'n kind as hoof en begunstigdes wat vir toelaes wag.

WAAR KAN EK MEER INLIGTING KRY?

Om SASSA vir hulp te kontak, skakel 0800 60 10 11 of 021 469 0235, of stuur 'n e-pos na grantenquiries@sassa.gov.za.

Om die Wes-Kaapse Regering rakende die beperkte noodkospakkies (gaan asseblief die kriteria na) te kontak, skakel 0800 220 250, of stuur 'n Please Call Me-boodskap na 079 769 1207 of 'n e-pos na service@westerncape.gov.za.

Let daarop dat ons tans baie oproepe ontvang.

Wes-Kaapse Regering

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za/coronavirus